Willem Jacobus Scholtz

PERSOONLIKE DROOM VIR BEMARKING

Bemarking is baie meer as die produk of diens wat 'n organisasie lewer, dit gaan oor **die stories wat ons vertel**. Dit laat die organisasie modern en professioneel lyk. Dit speel 'n betekenisvolle rol in hoe ons, ons organisatoriese kultuur vorm. Bemarking het 'n direkte impak op wat mense sien en hoe hulle voel oor die Voortrekkers. **Laat die Voortrekkers weer die inspirasie vir ons volk wees, in tye wat ons jeug dit die meeste nodig het.**

VOORTREKKERBESTURE

Diens op oordvlak by Monument Voortrekkers

Willem beklee tans die pos van oordleier van Monument Voortrekkers en het voor dit vir nege jaar as die adjunkoordleier [administrasie] gedien. Hy is ook reeds meer as tien jaar aaneenlopend die voog van die oordjeugraad.

Diens op gebiedsvlak

Hy dien vir meer as elf jaar as die adjunkkampleier [bemarking] van Wilgedraai Voortrekkerkamp en het dieselfde pos etlike jare by Thaba Veldwerkkamp beklee. Oor die loop van sy volwasse loopbaan dien hy op verskeie gebiedskomitees onder andere Administrasie (tans), Staatmakers, Volwasse Sake, Strategiese Beplanning en die Verkennertaakspan (tans). Ook by die gebied se jeugraad dien hy tans as voog.

Diens op nasionale vlak

Willem was vanaf 2009 tot 2013 die hoofskakeldraer van die Staatmakers en dien hy sodanig op die hoofbestuur. Hy dien op die nasionale komitees Bemarking en Staatmakers, en was betrokke by nasionale aksies soos die 2006 Feeskamp en -stap.

AKADEMIESE OPLEIDING

2001 Graad 12 aan die Hoërskool Centurion

2004 BCom Informatika aan die Universiteit van Pretoria (Hoofvakke: Informatika, Kommunikasiebestuur en Statistiek)

2006 BCom (Hons) Statistiek aan die Universiteit van Pretoria (Met spesialisasie in steekproefneming en vraelyste)

Hy is tans besig met 'n MCom Ondernemingsbestuur met spesialisasie in die bestuur van innovasie.

VOORTREKKEROPLEIDING

Willem het reeds die volgende kursusse in die Voortrekkers voltooi: Bestuur, Staatmaker, Dinamiese Leierskap, Seremonies, Nagmarsbeplanning, Kreatiwiteit, Wynkennis, Leierseminaar en Spesop. Hy bied gereeld kursusse aan en was in die verlede betrokke by die Intree-, Bestuur-, Touwerk-, Dinamiese Leierskap-, Seremonies-, Kommunikasie-, Tegnologie-, Administrasie-, Praktiese Leierskap- en SAS-kursusse. Hy is tans 'n dosent aan Akademia en doseer daar 'n verskeidenheid van vakke.

VOORTREKKERTOEKENNINGS

Willem het as jeuglid die Voorslag-, Hoofleierswag- en Presidentsverkennertoekenings ontvang. Hy ontvang ook die medaljes vir besondere diens op gemeenskapsvlak, gebiedsvlak (tweede toekenning) en die Staatmakermedalje. Hy ontvang ook 'n silwer oorkonde van die hoofbestuur en die ATKV Centurion se vrywilliger van die jaar vir jeugwerk.

PROFESSIONELE ONDERVINDING

Willem was 'n sakeontleder by Blue Label Telecoms, OUTsurance en MobileData. In 2016 word hy aangestel as dosent aan Akademia en doseer hy onder anderer vakke soos Innovasiebestuur, Statistiek, Sakeberekeninge en Bedryfsinligtingstelsels. Hy is ook die vakgroepkoördineerder vir al die Informatika en Statistiekvakke. Hy doen ook eksterne konsultasie werk vir nagraadse studente wat besig is met kwantitatiewe navorsing en marknavorsing vir klein sakeondernemings.

Willem doen ook verskeie akademiese aanbiedings by internasionale konferensies oor die aanwending van tegnologie in hoër onderrig, die omgekeerde klaskamer en ontleding van leer gefokuste data.

PASSIE VIR VOORTREKKERS

Willem is al vir 26 jaar aaneenlopend 'n Voortrekker. Hy het in 1992 begin as Penkop by die Fleurkommando. Van daar is hy na Verwoerdburg, Sweepslag Staatmakers en Polsslag waar hy tans geregistreer is as offisier.

Hy koester wonderlike herinneringe van Roodeplaat Waterwerkkamp, Thaba Veldwerkkamp en Wilgedraai Voortrekkerkamp. Voortrekkers is nie vir hom net nog 'n stokperdjie nie maar 'n leefwyse. Hy het 'n passie vir Selfbehoud, roerende seremonies en touwerk. Met jare se ondervinding in Voortrekkerbesture, -kommunikasie, -strategie en -innovasie is hy beslis 'n aanwins vir Transvaal se gebiedsdagbestuur.